Wes-Kaapse Regering

Back on Track

Wes-Kaap Onderwysdepartement

REKENINGKUNDE

Graad 12 Kwartaal 1
2026

LEERDER AKTIWITEITE

FINANSIëLE STATE

SESSIE 1: 21 FEBRUARIE 2026

AKTIWITEIT 1: JAAREINDAANSUIWERINGS

GEVRA:

Voltooi die tabel hieronder deur die aangesuiwerde bedrae wat in die Staat van Omvattende Inkomste ingevoer moet word, te bereken. Die finansiële jaar vir Luzuko Handelaars eindig op 30 Junie 2025.

Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2025.	
Voertuie	R3 800 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	1 464 000
Handelsvoorraad	384 200
Voorsiening vir oninbare skulde	33 700
Huurinkomste	129 200
Direkteursfooie	2 937 500
Verpakkingsmateriaal	15 750
Advertensie	97 350
Telefoon	23 700
Ouditfooie	65 380

Vrae en Antwoordblad

	Aansuiwerings en bykomende inligting	**Aansuiwering berekening**	**Rekening(e) geraak in die SVOI**	**Bedrag aangetoon in die SVOI**
Bv.	**Telefoonrekening nie gedurende die huidige finansiële jaar betaal nie, R2 100.**	**23 700 + 2 100 =**	**Telefoon**	**R25 800**

1.	Die voorraadopname op 30 Junie het die volgende getoon: Handelsvoorraad R369 100 Verpakkingsmateriaal R2 400			
2.	'n Debiteur is insolvent verklaar. Sy totale uitstaande skuld is R8 500 en 20% hiervan is uit sy insolvente boedel ontvang. Die verskil moet afgeskryf word as oninbaar.			
3.	Pas die voorsiening vir oninbare skulde aan tot R28 500. Identifiseer of die aansuiwering 'n inkomste of 'n uitgawe sal wees.			
4.	Advertensies sluit 'n jaarlikse kontrak van R60 000 in wat op 1 Maart 2025 betaal is.			
5.	'n Vakante stoorkamer is verhuur op 1 Julie 2024. Op 1 Mei 2025 is die huur met R2 700 per maand verhoog. Die huur vir Junie 2025 is nog uitstaande.			

6.	Die leningstaat wat op 30 Junie 2025 van Leenbank ontvang is, het die volgende aangedui: Saldo aan die begin van die boekjaar: 720 000 Terugbetalings gedurende finansiële jaar: 161 280 Rente gekapitaliseer: ? Saldo aan die einde van die boekjaar: 576 000 Bereken die rente wat vir die jaar gekapitaliseer is.			
7.	Slegs 70% van die jaarlikse ouditfooie is betaal.			
8.	Voertuie word afgeskryf teen 20% op die verminderde saldo metode. Neem kennis: 'n Nuwe voertuig is op 1 Januarie 2025 vir R800 000 aangekoop.			
9.	Inkomstebelasting vir die boekjaar is bereken as R504 056. Dit is 28% van die netto wins voor belasting. Bereken die netto wins na belasting.			
10.	Die maatskappy het vier direkteure wat dieselfde fooi verdien. Een direkteur het nog nie haar direkteursfooie vir Junie ontvang nie.			

VRAAG 2: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE

Die inligting het betrekking op Ivory Park Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

2.1 Verwys na Inligting B (i) vir vaste bates:

Bereken die volgende:

2.1.1 Waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2025 (2)

2.1.2 Kosprys van voertuie op 28 Februarie 2025 (4)

2.1.3 Waardevermindering op voertuie op 28 Februarie 2025 (5)

2.1.4 Wins/Verlies op voertuig op 1 September 2024 ingeruil (5)

2.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (39)

LET WEL: Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK gegee.

INLIGTING:

A. Saldo's/totale wat, onder andere, in die boeke verskyn het op:

	28 Feb. 2025 R	**29 Feb. 2024 R**
Verbandlening: Phambili Bank	744 100	987 700
Toerusting teen kosprys	852 000	852 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	472 500	344 700
Voertuie teen kosprys	?	1 250 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	420 000
Handelsvoorraad	654 500	
Debiteurekontrole	516 600	
Voorsiening vir oninbare skulde	?	29 520
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	340 000	
Verkope	?	
Koste van verkope	4 780 900	
Ouditfooie	79 000	
Diensfooi-inkomste	1 757 700	
Diverse bedryfsuitgawes	119 900	
Oninbare skulde	24 780	
Verpakkingsmateriaal	66 550	
Salarisse en lone (bydraes ingesluit)	1 425 600	
Versekering	100 800	
Huurinkomste	158 100	
Rente-inkomste	?	
Direkteursfooie	?	
Rente op lening	149 400	
Dividende op gewone aandele	250 000	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(i) **Vaste bates:**

Toerusting:

- Geen toerusting is gedurende die jaar aangekoop of verkoop nie.

Voertuie:

- 'n Ou voertuig is op 1 September 2024 ingeruil vir 'n nuwe voertuig wat R320 000 gekos het. Die inruilwaarde wat ontvang is, was R153 660. Die volgende uittreksel van die voertuig verkoop, is uit die Vastebateregister geneem:

Kosprys: R240 000 **Datum aangekoop:** 1 Julie 2022
Waardeverminderingskoers:20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode

FINANSIËLE JAAREINDE	WAARDE-VERMINDERING	OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING
28 Februarie 2023	R32 000	R32 000
28 Februarie 2024	R41 600	R73 600
1 September 2024	?	?

- Voertuie se waarde verminder teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode.
- Waardevermindering op die ou, oorblywende voertuie was R132 720.

(ii) Die maatskappy handhaaf 'n winsgrens van 60% op kosprys. Let daarop dat goedere wat R115 000 kos (by koste van verkope ingesluit), teen 'n winsopslag van 40% op kosprys aan interne werknemers verkoop is.

(iii) 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2025 het die volgende getoon:
- Handelsvooraad, R647 100
- Verpakkingsmateriaal gedurende die finansiële jaar gebruik, R58 700

(iv) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van die uitstaande debiteure aangesuiwer word.

(v) Maandelikse versekeringspremies was vir die afgelope drie jaar vasgestel en is tot 31 Mei 2025 betaal.

(vi) 'n Huurder huur 'n kantoor by Ivory Park Bpk. Die kantoor se huur is tot 30 April 2025 ontvang. Huur vir die kantoor is op 1 Desember 2024 met 8% verminder.

(vii) Een werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2025 weggelaat. Sy netto maandelikse salaris was R19 340 nadat 35%-aftrekkings vir sy pensioen en persoonlike belasting gemaak is, en R2 500 vir die mediese fonds afgetrek is. Die werkgewer dra 10% van sy bruto salaris, namens werknemers, tot die pensioenfonds by.

(viii) Die maatskappy het twee direkteure wat gesamentlik 'n jaarlikse fooi van R1 065 200 ontvang het, nadat hul maandelikse fooie met R5 800 elk op 1 Augustus 2024 verhoog is. 'n Derde direkteur is op 1 November 2024 aangestel en ontvang dieselfde maandelikse fooi as die ander direkteure, die R5 800 maandelikse verhoging uitgesluit.

(ix) Netto wins na belasting, R992 160, is bereken nadat al die aansuiwerings hierbo in ag geneem is. Inkomstebelasting is bereken op 28% van die netto wins.

SESSIE 2 – 14 MAART 2026

VRAAG 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE

BUHLE BEPERK

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2025. Die besigheid verkoop fietse.

GEVRA:

3.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (24)

3.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2025. (25)

LET WEL: Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.
Bedrae word NIE in die gekleurde gedeeltes vereis NIE.

INLIGTING:

A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 28 Februarie 2025:

	R
Gewone aandelekapitaal	20 000 000
Behoue inkomste	**?**
Lening: Uhlula Bank	**?**
Debiteurekontrole	483 110
Vaste deposito	1 500 000
Handelsvoorraad	2 125 380
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	1 049 000
Bank (gunstig)	629 000
Krediteurekontrole	523 890
Verkope	21 017 200
Koste van verkope	**?**
Kommissie-inkomste	277 000
Fooi-inkomste	303 000
Huuruitgawes	**?**
Direkteursgelde	1 610 000
Dividende op gewone aandele	990 000

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(i) Die besigheid gebruik 'n winsopslagpersentasie van 120% op fietse se kosprys. Handelskorting, R336 000 in totaal, is toegestaan en opgeteken.

(ii) 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2025 het die volgende getoon:
- Handelsvoorraad, R2 094 180

(iii) Kommissie-inkomste, R41 000, is aan die besigheid verskuldig.

(iv) Fooi-inkomste sluit R47 150 vir Februarie en Maart 2025 in.

LET WEL: Fooi-inkomste het op 1 Maart 2025 met 5% verhoog.

(v) Buhle Bpk. huur vanaf 1 Mei 2024, 150 vierkante meter ruimte van Prime Opberging teen 'n maandelikse bedrag van R330 per vierkante meter. Die maatskappy het die gehuurde ruimte op 1 November 2024 met 25 vierkante meter verhoog. Huur is tot 30 April 2025 betaal.

(vi) Voorsien vir die direkteursgelde verskuldig.
Die maatskappy se twee direkteure, Brenda en Johan, is vanaf 2022 in diens geneem.
- Brenda verdien R10 000 per maand meer as Johan, maar sy is nog nie vir Februarie 2025 betaal nie.
- Johan het vir die laaste drie maande van die finansiële jaar onbetaalde verlof geneem.

(vii) Dra 'n debiteur se debietsaldo, R2 700, vanaf die Debiteuregrootboek na sy rekening in die Krediteuregrootboek oor.

(viii) Die maatskappy het in drie vaste deposito's van gelyke waarde belê. Een van die vaste deposito's sal op 31 Mei 2025 verval.

(ix) 'n Bedrag vir belasting is nog op 28 Februarie 2025 aan SAID verskuldig.

(x) **Dividende:**

Tussentydse dividende betaal	R990 000
Finale dividende nog verskuldig	R2 640 000

(xi) Die skuld-ekwiteitverhouding is 0,2 **:** 1 op 28 Februarie 2025.

AKTIWITEIT 4: FINANSIËLE AANWYSERS RELEVANT TOT DIE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025:

4.1.1 % Bedryfsuitgawes op Verkope

4.1.2 % Bruto wins op Koste van verkope

Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025:

	R
Verkope	6 000 000
Koste van verkope	4 000 000
Waardevermindering	56 000
Bedryfsuitgawes	1 500 000
Netto wins voor belasting	1 400 000
Netto wins na belasting	980 000

4.2. Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2025:

4.2.1 % Netto wins na belasting op Verkope

4.2.2 % Bruto wins op verkope

Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2025:

Verkope	R 4 050 000
Koste van verkope	2 700 000
Waardevermindering	540 560
Rente-uitgawe	246 000
Inkomstebelasting	253 500
Netto wins voor belasting	845 000

4.3 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025:

4.3.1 Die winsopslag % wat vir die jaar behaal is

4.3.2 % Netto wins na belasting op Verkope

Uittreksel uit Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025:

	R
Verkope	9 000 000
Koste van verkope	5 625 000
Waardevermindering	380 000
Rente op lening	185 000
Netto wins voor inkomstebelasting	1 330 000
Netto wins na inkomstebelasting	931 000

KLASKAMERAKTIWITEITE

ONDERWERP: MAATSKAPPYE: NUWE TRANSAKSIES, GEWONE AANDELE KAPITAAL NOTA EN BEHOUE INKOMSTE NOTAS

KONSEPTE

Pas die term in Kolom A by die verduideliking in Kolom B in die antwoordboek (bv. 1. B).

KOLOM A		**KOLOM B**	
1.	Uitreikingsprys van aandele	**A**	Uitgereikte aandele wat deur die maatskappy van aandeelhouers teruggekoop is.
2.	Behoue inkomste	**B**	Betaal deur die maatskappy aan SAID op sy jaarlikse winste.
3.	Dividende	**C**	Uitgawes wat teen jaareinde betaal moet word.
4.	Inkomstebelasting	**D**	Inkomste wat teen jaareinde ontvang is, maar wat verband hou met die volgende finansiële jaar.
5.	Terugkoop van aandele	**E**	'n Gedeelte van die wins na belasting wat nie aan die aandeelhouers uitbetaal word nie, maar gehou word vir toekomstige finansiële groei of uitbreiding van die maatskappy.
6.	Aandeelhouers	**F**	Verbruiksgoedere wat nie teen jaareinde gebruik is nie, bv. Skryfbehoeftes.
7.	Vooruitontvange inkomste	**G**	Uitgawes wat teen jaareinde vooruit betaal is, maar betrekking het op die volgende finansiële jaar.
8.	Voorsiening vir oninbare skulde	**H**	Die prys per aandeel wat deur aandeelhouers betaal word.
9.	Verbruiksgoedere voorhande	**I**	Hulle is die eienaars van die maatskappy.
10.	Opgelope uitgawes	**J**	Daardie gedeelte van die winste (na belasting) wat goedgekeur is om tussen die aandeelhouers verdeel te word.
		K	Risiko dat debiteure nie hul rekeninge sal betaal nie.
		L	Inkomste wat teen jaareinde ontvang moet word.

MAATSKAPPYE: NUWE TRANSAKSIES -

AKTIWITEIT 1: UITREIK VAN AANDELE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot AR Beperk. Die finansiele jaar eindig 30 Junie 2025. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandele kapitaal van 1 250 000 gewone aandele.
60 % van die gemagtigde aandele is uitgereik op 1 Julie 2024.

GEVRA:

1.1 Voltooi die Gewone aandelekapitaalrekening in die Algemene Grootboek.

1.2 Toon die effek van transaksie no. 1 op die Rekeningkundige vergelyking.
Let Wel : Die besigheid het 'n gunstige banksaldo.

1.3 Berei die Gewone aandele kapitaal nota op 30 Junie 2025 voor.

1.4 Bereken die volgende op 30 Junie 2025.

a) Gemiddelde uitreikprys.
b) Netto Batewaarde

INLIGTING:

A **Na-afsluitingsproefbalans op 30 Junie 2024**

	R
Gewone aandelekapitaal	1 500 000
Behoue Inkomste	450 000

B **TRANSAKSIES EN AANSUIWERINGS:**

- Op 30 April 2025 het die maatskappy 250 000 aandele teen R3 per aandeel aan die publiek uitgereik.
- Die nettowins na belasting was R320 000.

C **FINANSIËLE AANWYSER OP 30 JUNIE 2025**

Netto Batewaarde	260c

AKTIWITEIT 2: TERUGKOOP VAN AANDELE

Jy word voorsien van inligting met betrekking to Fixit Beperk. Die finansiele jaar eindig jaarliks op 30 Junie. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandele kapitaal van 300 000 gewone aandele.
Die maatskappy het 200 000 aandele in uitreik op 1 Julie 2024.

GEVRA:

2.1 Voltooi die Gewone aandelekapitaal en Behoue Inkomste rekeninge in die Algemene Grootboek

2.2 Toon die effek van transaksie 1 op die Rekeningkundige vergelyking.
Let Wel: Die besigheid het 'n gunstige banksaldo.

2.3 Berei die Gewone aandele kapitaal nota en die Behoue Inkomste nota in die Staat van Finansiële Posisie voor.

2.4 Dui aan watter bedrag in die Kontantvloeistaat sal verskyn.

2.5 Bereken die volgende op 30 Junie 2025.

a) Gemiddelde aandeleprys.

b) Netto Batewaarde

INLIGTING:

A **Na-afsluitingsproefbalans op 30 Junie 2024**

	R
Gewone aandelekapitaal	1 000 000
Behoue Inkomste	260 000

B **TRANSAKSIES EN AANSUIWERINGS:**

- Die direkteure het ooreengekom om 50 000 gewone aandele terug te koop vanuit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer op 1 Mei 2025 vir 620c.

- Die nettowins na belasting was R180 000.

C **FINANSIËLE AANWYSER OP 30 JUNIE 2025**

Netto Batewaarde	630c

AKTIWITEIT 3: DIVIDENDE PER AANDEEL

Die maatskappy het 'n gemagtigde aandele kapitaal van 500 000 aandele. 300 000 aandele was in uitreik op 1 Maart 2024.

GEVRA:

3.1 Voltooi die Gewone aandeledividend en Aandeelhouers vir dividende rekeninge in die Algemene Grootboek.

3.2 Toon die effek van die volgende op die Rekeningkundige vergelyking:

- Die interim dividende betaal op 31 Augustus 2024.
- Die finale dividende verklaar op 28 Februarie 2025.

Let Wel: Die bank het 'n gunstige banksaldo.

3.3 Watter bedrag sal in die Staat van Finansiële Posisie verskyn ten opsigte van dividende op 28 Februarie 2025. Dui aan waar in die Finansiële Posisie dit sal verskyn.

3.4 Wat is die totale uitvloei van kontant vir dividende betaal gedurende die huidige finansiele jaar?

INLIGTING:

A **Na-afsluitingsproefbalans op 28 Februarie 2024**

Aandeelhouers vir dividende	R 150 000

B **TRANSAKSIES EN AANSUIWERINGS:**

31 Maart 2024	Betaal die bedrag verskuldig aan die aandeelhouers.
1 Junie 2024	Die oorblywende aandele is teen 250c per aandeel uitgereik. Hierdie aandele kwalifiseer NIE vir die interim dividende wat op 31 Augustus 2024 betaal word nie.
31 Augustus 2024	Na 6 maande van besigheid doen is 'n dividend van 60c per aandeel verklaar en betaal.
28 Februarie 2025	'n Dividend van 65c per aandeel is verklaar. Hierdie dividende sal eers in die volgende finansiele jaar betaal word.

AKTIWITEIT 4: INKOMSTEBELASTING

GEVRA:

4.1 Voltooi die volgende rekening in die Algemene Grootboek.

- SAID: inkomstebelasting
- Inkomstebelasting

4.2 Dui die effek van die volgende op die Rekeningkundige vergelyking aan:

- Die 1 ste voorlopige belasting betaling.
- Die totale inkomstebelastinguitgawe.

Let Wel: Die besigheid het 'n gunstige banksaldo.

4.3 Watter bedrag sal in die Staat van Finansiële Posisie vir die SAID: Inkomstebelasting op 30 Junie 2025 verskyn. Dui aan of dit as 'n Bedryfsbate of Bedryflas sal verskyn.

4.4 Wat is die totale uitvloei van kontant vir belasting betaal gedurende die huidige finansiele jaar?

INLIGTING:

A **Die volgende aanvangsaldo verskyn in die Algemene Grootboek van AR Beperk op 1 Julie 2024**

SAID (Inkomstebelasting)	R 4 800 (kt)

B **TRANSAKSIES EN AANSUIWERINGS:**

- Die bedrag verskuldig aan die SAID die vorige jaar is betaal op 30 Julie 2024.
- Die eerste voorlopige belastingbetaling van R60 000 is gemaak op 31 Desember 2025.
- 'n Tweede voorlopige belastingbetaling van R65 000 is gemaak op 30 Junie 2025.
- Die geouditeerde finansiele state toon 'n belasbare netto inkomste van R475 200 vir die jaar. Die belastingkoers is 28 %.

AKTIWITEIT 5: INKOMSTEBELASTING

GEVRA:

5.1 Voltooi die volgende rekening in die Algemene Grootboek.

- SAID: inkomstebelasting
- Inkomstebelasting

5.2 Dui die effek van die volgende op die Rekeningkundige vergelyking aan:

- Die 1ste voorlopige belasting betaling.
- Die totale inkomstebelastinguitgawe.

Let Wel: Die besigheid het 'n gunstige banksaldo.

5.3 Watter bedrag sal in die Staat van Finansiële Posisie vir die SAID: Inkomstebelasting op 28 Februarie 2025 verskyn. Dui aan of dit as 'n Bedryfsbate of Bedryflas sal verskyn.

5.4 Wat is die totale uitvloei van kontant vir belasting betaal gedurende die huidige finansiele jaar?

INLIGTING:

A **Die volgende aanvangsaldo verskyn in die Algemene Grootboek van AR Beperk op 1 Maart 2024**

SAID (Inkomstebelasting)	R 18 000 (kt)

B **TRANSAKSIES EN AANSUIWERINGS:**

- Die bedrag verskuldig aan die SAID die vorige jaar is betaal op 20 Maart 2024.
- Die eerste voorlopige belastingbetaling van R250 000 is gemaak op 31 Augustus 2024.
- 'n Tweede voorlopge belastingbetaling van R250 000 is gemaak op 28 Februarie 2025.
- Die SAID is R8 000 verskuldig aan AR Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. Inkomstebelasting moet in berekening gebring word.

AKTIWITEIT 6: GEWONE AANDELE KAPITAAL EN BEHOUE INKOMSTE NOTAS

ZOLANI BPK

Inligting met betrekking tot die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025 word gegee.

GEVRA:

6.1 Voltooi die nota vir **Gewone aandelekapitaal** en die **Behoue inkomste** nota vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

6.2 Voltooi die Aandeelhouersekwiteit afdeling van die Staat van Finansiële Posisie vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

INLIGTING:

Uitreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste op 30 Junie 2025:

A.

Netto wins voor belasting	R810 000
Inkomstebelasting	R243 000

B. **Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie en notas op 30 Junie:**

	2025	**2024**
Aandeelhouers vir dividende	290 000	230 000
Gewone aandelekapitaal	?	5 600 000
Behoue inkomste		490 000

C. **Aandelekapitaal:**

1 Julie 2024: Uitgereikte aandelekapitaal bestaan uit 800 000 gewone aandele.
1 Oktober 2025: Addisionele 200 000 aandele uitgereik teen R9,80 per aandeel.
31 Maart 2025: 120 000 aandele teruggekoop teen R10 per aandeel. Die gemiddelde prys was R7,56.
30 Junie 2025: Eindsaldo bestaan uit 880 000 gewone aandele.

D. **Dividende:**

- Totale dividende vir die jaar beloop R514 000
- 'n Tussentydse dividend is betaal op 1 Desember 2024 en 'n finale dividend is verklaar op 30 Junie 2025.

AKTIWITEIT 7: GEWONE AANDELEKAPITAAL EN BEHOUE INKOMSTE NOTA

TEMBISO BPK.

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

7.1 Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

Notas tot die Staat van Finansiële Posisie vir:

- Gewone aandelekapitaal
- Behoue inkomste

7.2 Voltooi die Aandeelhouersekwiteit afdeling van die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

INLIGTING:

A. **Saldo's/Totale op 28/29 Februarie:**

	2025	**2024**
Gewone aandelekapitaal	8 816 000	6 976 000
Behoue inkomste	384 600	376 600

B. **Aansuiwerings en addisionele inligting:**

Inkomstebelasting vir 2025:

- R31 300 is nog aan SAID verskuldig.
- Die korrekte netto wins na belasting is R959 400.

Aandelekapitaal en dividende:

Gemagtigde aandelekapitaal: 1 600 000 gewone aandele

1 Maart 2024	80% van die aandele is reeds uitgereik.
1 Mei 2024	300 000 aandele is teen R465 000 meer as die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
31 Augustus 2024	Interim/Tussentydse dividende betaal: 30 sent per aandeel.
31 Oktober 2024	Addisionele aandele is uitgereik.
28 Februarie 2025	Finale dividende is verklaar.

AKTIWITEIT 8: GEWONE AANDELEKAPITAAL EN BEHOUE INKOMSTE NOTAS

FREEZA BEPERK

Jy word voorsien met inligting vir die finansiële jaar geeïndig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

8.1 Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

Notas tot die Staat van Finansiële Posisie vir:

- Gewone aandelekapitaal
- Behoue inkomste

8.2 Voltooi die Aandeelhouersekwiteit afdeling van die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geeïndig 28 Februarie 2025.

INLIGTING:

A. **Aandelekapitaal**

Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 2 000 000 gewone aandele.	
1 Maart 2024	700 000 aandele was uitgereik.
1 Junie 2024	200 000 nuwe aandele is teen R14,00 elk uitgereik.
26 Februarie 2025	60 000 aandele is teen R13,00 per aandeel teruggekoop.
28 Februarie 2025	Aandelekapitaal bedrag R5 418 000

B. **Dividende:**

- 'n Tussentydse dividend van R268 000 is op 31 Augustus 2024 betaal. Dit is korrek opgeteken.
- 'n Finale dividende van 70 sent per aandele; is op 28 Februarie 2025 verklaar en sal na die AJV in April 2025 betaal word.

C. **Netto wins en belasting:**

- Die korrekte netto wins voor belasting vir die jaar geeïndig 28 Februarie 2025 is bereken as R2 500 000 nadat al die aansuiwerings gemaak is.
- Geen inskrywing is vir die inkomstebelasting teen 'n koers van 30% van die netto wins gemaak nie.

AKTIWITEIT 9: GEWONE AANDELEKAPITAAL EN BEHOUE INKOMSTE NOTAS

MEKAYRO BPK.

Jy word voorsien met inligting van Mekayro Beperk vir die finansiële jaar geeïndig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

9.1 Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

Notas tot die Staat van Finansiële Posisie vir:

- Gewone aandelekapitaal
- Behoue inkomste

9.2 Voltooi die Aandeelhouersekwiteit afdeling van die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

INLIGTING:

A. **Uittreksel van inligting vanaf die Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2025**

Netto wins na belasting	3 250 800
Inkomstebelasting	1 393 200

Uittreksel uit die Staat van Fnansiële Posisie op 28/29 Februarie:

B.

	2025	**2024**
Ekwiteit en laste		
Aandeelhouersekwiteit	?	?
Aandelekapitaal	24 510 000	?
Behoue inkomste	?	1 370 000
Bedryfslaste		
Handels- en ander betaalbares	122 300	321 700
SAID (Inkomstebelasting)	200 000	0
Aandeelhouers vir dividende	?	2 137 500

C. **Aandele en Dividende**

- Addisionele aandele is op 30 Augustus 2024 uitgereik.
- Aandele is vanaf sekere aandeelhouers teen R9,00 per aandeel gedurende Oktober 2024 teruggekoop.
- 'n Tussentydse dividend is op 31 Julie 2024 betaal.

ACTIVITY 10: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

GLOBAL TRADING BPK
Die inligting hou verband met Global Trading Beperk, en die finansiële jaar het op 30 Junie 2025 geëindig. Die besigheid gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:
Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Dui 'n **+** aan vir 'n toename en 'n **–** vir 'n afname.

INLIGTING:

A. Lys van saldo's/totale op 30 Junie 2025:

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING	
Gewone Aandelekapitaal	6 775 000
Behoue inkomste (1 Julie 2024)	1 190 264
Verbandlening: Custom Bank	354 000
Vaste bates	6 169 000
Vaste deposito: Custom Bank	390 000
Handelsvoorraad	817 450
Debiteurekontrole	742 488
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Julie 2024)	10 600
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	300 000
Krediteurekontrole	166 800
Vooruitbetaalde uitgawes	3 350
Vooruitontvange inkomstes	5 450

B. Die netto wins voor belasting van R1 089 238 is bepaal VOORDAT die volgende inligting in ag geneem is:

i. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R7 800 aangepas word.

ii. 'n Faktuur is op 30 Junie 2025 vir R8 712 uitgereik; 'n 10% handelskorting is toegelaat. Goedere is verkoop met 'n winsopslag van 60%. Geen inskrywing is van hierdie transaksie gemaak nie.

iii. Die ouditeur het ontdek dat die handelsvoorraadtekort van R5 600 'n handelsvoorraadoorskot was.

iv. Verbruiksgoedere voorhande aan die einde van die boekjaar het R5 400 beloop.

v. Direkteursfooie wat vir die jaar betaal is, het R648 000 beloop. Die maatskappy het VYF direkteure wat dieselfde fooi ontvang. Een van die direkteure het die maatskappy gevra om eers in Julie 2025 sy fooie vir die laaste ses maande uit te betaal, wanneer hy beplan om op 'n oorsese vakansie te gaan.

vi. BE Bouers is R120 000 betaal vir die bou van 'n stoorkamer (R90 000) en herstelwerk aan die gebou (R30 000). Die hele bedrag is verkeerdelik as grond en geboue gedebiteer.

vii. Huur vir Julie 2025, R3 300, vooruitontvang.

viii. Advertensies sluit 'n ses maande kontrak vir R7 200 met die plaaslike koerant in. Hierdie bedrag is vir die tydperk 1 Mei 2025 tot 31 Oktober 2025 betaal.

ix. Inkomstebelasting beloop R333 564 vir die jaar.